## *Week 5: Groei, selfs in die woestyn (Volhard in swaarkry)*

***5 – 11 Mei***

1. Mens tot mens: Donderdag vier ons die hemelvaart van Jesus en volgende week is dit weer Pinkster. Deel met mekaar wat Hemelvaart vir julle beteken. Praat ook oor die betekenis van die Pinksterbidure met mekaar. Hoe was dit in die verlede en hoe verskil ons Pinksterbidure en -afwagting vandag met destyds? Beplan saam hoe julle as kleingroep betrokke gaan wees by vanjaar se Pinkster-bidure.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Mens tot God. Dank die Here daarvoor dat Jesus na die hemel opgevaar het en vir dit wat dit vir ons beteken. Loof Hom vir sy Gees wat Hy gestuur het om vandag hier by ons te wees.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   Lees **Ps 34:5 & 6** voor:

   Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord,
   Hy het my gered uit alle doodsgevare.
   Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap,
   hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Lees Hand 16:25 – 36. Miskien kon Paulus en Silas iets van die verlies voel wat die dissipels moes ervaar toe Jesus tydens sy hemelvaart van hulle weggeneem is. Dink jou in die situasie van die dissipels in en ook hoe Paulus en Silas moes voel. Watter gedagtes staan vir jou uit as jy hierdie teks lees?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5.1 Die ervarings van God se kinders is nie altyd net positief nie. Ons voel soms asof ons in ’n woestyn beland het en nie weet watter kant toe ons moet vlug nie. God gee aan ons verskillende geestelike dissiplines waarop ons kan staatmaak in ons woestyntye. Gebed en lof is, soos wat ons by Paulus en Silas in die tronk sien, twee sulke dissiplines. Is daar ander wat julle kan opnoem?

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

5.2 Is daar iemand in die groep wat graag hulle eie ervarings wil deel van woestyntye en hoe hulle in sulke tye die Here se teenwoordigheid beleef het. Wat het julle gedoen om weer te beleef dat julle kontak met God kon maak?

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

5.3 Wat is ’n mens se ervaring in woestyntye? Voel God altyd naby en as Hy dalk soms vêr voel, hoe laat dit ons reageer?

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

5.4 Een van die dissiplines waaroor ons al gepraat het is die dissipline van die bywoning van eredienste, en sekerlik ook die byeenkomste van kleingroepe. Wat sou hierdie dissiplines vir iemand in die woestyn kan beteken? Wat kan ons vir mekaar beteken in tye wanneer iemand beleef dat God vêr van hulle af is?

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________________________________

6. Waarvoor sal ons bid? Dink aan die beeld van ’n woestyn. Wat sal ons dan bid

6.1 vir die gemeente? _____________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? __________________________________________________________

_______________________________________________________________________________________________

6.3 vir mekaar? __________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________________________

7. Wat gaan ons nou doen? Kan julle dink aan iemand wat nou ’n woestyntyd ervaar? Hoe kan julle of dalk indiwidue van die groep vir hierdie persoon iets beteken?